

2 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:13-2

Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22

Opregte gehoorsaamheid kom uit die hart

'n Groot gevaar in die beleef en uitleef van godsdiens is dat dit kan verval en vasval in uiterlike seremonies en gebruike. Of dat ons dit net doen omdat dit gewoonte of gebruiklik is. Gereelde erediensbywoning, Bybellees, bid en Bybelstudie kan ook ongelukkig net 'n uiterlike gedoe word wat mense beïndruk, maar God koud laat. Daarom moes Saul destyds en ons vandag opnuut, hoor: *gehoorsaamheid is belangriker as offers*. Anders uitgedruk: opregte gehoorsaamheid is vir God belangriker as die uiterlike gebruike. Nog anders gestel: dit wat uiterlik gesien word, moet vanuit 'n opregte hart kom.

Saul het nie alles gehoorsaam wat God van hom verwag het nie. Hy het in sy wysheid so bietjie afgewyk van die opdrag van God. In die oorlog teen die Amalekiete kry hy opdrag om alle lewe uit te wis. Hy doen feitlik alles, maar bring tog onder andere van die vee terug na sy land. En as hy deur Samuel daarvoor gekonfronteer word, is sy slim en waterdigte rede *maar dit is bedoel om aan God te offer*. Dit terwyl die gehoorsame offer eintlik sou wees om alle lewe uit te wis soos die opdrag was. Dit word duidelik: so 'n offer, gebore uit ongehoorsaamheid met menslik gesproke mooi bedoelings, staan God nie aan nie.

Laat ons daaruit leer, ons wat in Jesus nuut gemaak is en as regverdiges voor God lewe: dit wat God in sy Woord vra, bedoel Hy. In ons nuut wees moet ons nie wil aanpas om God anders te wil dien as wat Hy vra nie. *Opregte gehoorsaamheid* is wat Hy vra en 'n gehoorsaamheid wat onself nou wil gaan vasstel, is nie aanvaarbaar nie. Buig voor die stem van die Woord en die Heilige Gees en bid dat wat jy godsdienstig uiterlik na vore bring, geanker sal wees in opregte gehoorsaamheid in 'n neergebuigde hart. Mense kan dalk 'n rat voor die oë gedraai word, maar voor God lê elke mens soos 'n oop boek. Ons sou wou sê dat Saul se oortreding baie gering was, maar so erg was dit in God se oë dat Saul sy koningskap verloor het.

In jou verlos wees en met die hulp van die Heilige Gees kan jy met opregtheid erediens bywoon, bid, Bybellees en jou gawes gebruik. Dan word dit offers waaroor God Homself verheug.

Sing: Psalm 119:63 (Totius)

Ds P Fanoy (Ontdekkers)